LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

PUBLIEKE KENNISGEWING

INLIGTINGSVERKLARING INGEVOLGE ARTIKEL 46(3) VAN DIE PLAASLIKE REGERING: WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, WET NR. 56 VAN 2003, MET BETREKKING TOT DIE AANGAAN VAN LANGTERMYN SKULD

Hiermee word kennis gegee dat die Munisipale Raad by sy vergadering gehou op 27 Julie 2021, besluit het om langtermynskuld (lening) aan te gaan vir die befondsing van die kapitale-uitgawe programme, soos goedgekeur in die 2021/2022 – 2022/2023 begroting en medium-termyn inkomste- en uitgaweraamwerk (MTREF).

Langtermynskuld van R17.8 miljoen sal aangegaan word, in ooreenkomstig Artikel 46(3) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet nr. 56 van 2003, met gedetalieërde inligting soos hieronder aangedui:

Uitlener	Standard Bank
Totaal Leningsbedrag	Sewentien miljoen en agt honderd duisend rand (R 17 800 000)
Tipe instrument	Vyf (5) jaar huurkoop lening (voertuie)
Sekuriteit	Die voertuie wat uit die lening verkry moet word, sal as sekuriteit vir die lening gebruik word
Bedrag	Sewentien miljoen en agt honderd duisend rand (R 17 80 000)
Leningsperiode	Vyf (5) jaar, betaalbaar op 'n maandelikse basis - vereffeningsdatum, 30 Junie 2027
Rentekoers	9.55%
Paaiemente	Maandeliks (rente en aflossing)
Geskatte Rente Terugbetalings	R 4 661 742,41
Geskatte aflossingsterugbetalings	R 17 800 000
Geskatte totale terugbetalings	R 22 461 742,41
Doel	Aankoop van voertuie

Na die opneem van die bogenoemde skuldooreenkomste behoort die munisipaliteit op 30 Junie 2022 ‘n totale leningskuld van R 57 707 531 te hê wat na raming ongeveer 7% van die totale bedryfsinkomste van 2021/2022 sal verteenwoordig.

Ingevolge Artikel 46(3)(a)(ii) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet nr. 56 van 2003, saamgelees met Artikel 21 van die Munisipale Stelselswet, Wet Nr. 32 van 2000, word die gemeenskap hiermee genooi om skriftelike kommentaar of voorleggings aan die Direkteur: Finansiële Dienste, Langeberg Munisipaliteit, Hoofweg 28, Ashton, 6715 te maak, voor of op **11 April 2022** en of te stuur na e-pos mshude@langeberg.gov.za of faksnommer 023 615 1563.

Die Munisipale Raad sal op ‘n spesiale raadsvergardering, geskeduleer om op 03 Mei 2022 plaas te vind, die langtermynskuldooreenkoms vir goedkeuring oorweeg.

Vir verdere inligting en navrae in hierdie verband kontak gerus Mnr M Shude telefoon-nommer 023 615 8031.

A S A DE KLERK
MUNISIPALE BESTUURDER